

# Redaksionele beleid van die Hervormde Teologiese Studies

AG van Aarde  
Redakteur

---

Die Redaksie van die Hervormde Teologiese Studies het op sy vergadering van 13 Junie 1988 die volgende redaksionele beleid goedgekeur. Hierdie besluit is bekragtig deur die Beheerraad van die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 25 Augustus 1988.

1. Die *Hervormde Teologiese Studies* (HTS) is die vaktydskrif van die Fakulteit Teologie (Afdeling A), Universiteit van Pretoria, en word uitgegee deur die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
2. Bogenoemde twee bene van die HTS word verteenwoordig in die samestelling van die Redaksie deurdat al die voltydse lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) die Redaksie van die HTS vorm en die direkteur van die Tydskrifafdeling as die sekretaris van die Redaksie optree. Die dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) dien as voorsitter van die Redaksie.
3. Die Redaksie vergader minstens een keer per jaar.
4. Die Redaksie benoem een van die voltydse lede van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) as redakteur.
5. Die Tydskrifafdeling lê jaarliks 'n begroting vir die lopende finansiële uitgawe van die HTS aan die Redaksie voor en die kantoor van die redakteur poog om met behulp van verkope, subsidies en advertensies die nodige befondsing te bekom. Die Beheerraad van die Tydskrifafdeling en die Raad van Finansies van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika keur die begroting goed en is verantwoordelik vir die befondsing van die HTS, van die administrasie van die kantoor van die redakteur van die HTS, van die uitgee en van die verspreiding van die HTS.

---

\* Redaksionele beleid is foutiewelik gemeld in inhoudsopgawe, HTS 44/4 (1988).

6. Die kantoor van die redakteur van die *HTS* is verantwoordelik vir die administrasie van die intekening op die *HTS*, van die inisiëring en ontvang, keuring, redigering en reklamerings van bydraes.
7. Alle artikels, navorsingsverslae en oorsigartikels wat aanspraak kan maak op akkreditering met die oog op universiteitsubsidiedoeleindes word deur die redakteur gekeur. Die redakteur benoem lede van die Redaksie of ander vakkundiges om met die keuring behulpsaam te wees.
8. Die *HTS* stel hom ten doel om, in ooreenstemming met sy stigtingsakte, (kyk [Gemser, B] & Dreyer TFJ 1942, Woord vooraf en Welkomswoorde. *HTS* 1/1, 1-3) op nasionale gebied diens te lewer deur die teologiese wetenskap te bevorder, 'n eie Suid-Afrikaanse teologie uit te bou en om sodoende uitvoering te gee aan die opdrag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan sy dosente in die teologie om in die kerk leiding te gee in die teologiese arbeid ter wille van die verkondiging van die evangelie. Vir dié doel word bydraes op die gebied van die teologie en aanverwante wetenskappe ook van buite die kring van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) aan die Universiteit van Pretoria en die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geïnisieer en ontvang.
9. Vier Aflewerings van die *HTS* word per jaar uitgegee. Hierbenewens word van tyd tot tyd addisionele Supplementa uitgegee waarin monografieë in verband met die teologie en van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit gepubliseer word. Die voorsitter en sekretaris van die Redaksie, die redakteur en ten minste nog een lid van die Redaksie wat deur eersgenoemde drie aangewys word, vorm telkens 'n paneel van keurders met die oog op die uitgee van 'n Nommer in die Supplementum-reeks.
10. Notules van die redaksievergaderings word opgeneem in onderskeidelik die agendas van die Fakulteitsraad van Teologie (Afdeling A) van die Universiteit van Pretoria en die Beheerraad van die Tydskrifafdeling van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ter wille van kennisname.

Opgestel deur prof AG van Aarde, redakteur van die *HTS*, goedgekeur op 13 Junie 1988 en geteken deur prof JP Oberholzer, voorsitter van die Redaksie van die *HTS*, en dr PJ de Beer, voorsitter van die Beheerraad van die Tydskrifafdeling, vergader op 25 Augustus 1988.